DIE BERGKLUB VAN SUID-AFRIKA

STELLENBOSCH AFDELING
POSBUS 152, STELLENBOSCH, 7599
Faks: 086 628 5477
e-pos: stellenbosch@mcsa.org.za
Internet: http://www.ste.mcsa.org.za

OMSENDBRIEF NOMMER 253 **WINTER (Julie tot September 2008)**

"Eastward the dawn rose, ridge behind ridge into the morning, and vanished out of eyesight into guess; it was no more than a glimmer blending with the hem of the sky, but it spoke to them, out of the memory and old tales, of the high and distant mountains."

J.R.R Tolkien (The Lord of the Rings)

LEDESAKE en LEDENUUS

Nuwe Aansoekers:
- Die familie Croukamp (Wessel, Mercia, John en James) - hulle woon in Franschhoek en drie van hulle was op Retief se Groothoekkloof abseil.
- Marianne Janse van Rensburg.
- Salmo en Tian Cilliers -Theunis en Lydia se kinders wat nou amptelik as junior-/familielede aansoek doen.
- Bessie Brand (via Hans Scheffler), sy was op ons Bainskloof fietsuitstappie en nou by die sportklimme by Lakeside Pinnacle.
- Riaan en Adelaide Wolhuter. (Jeanette Holtzhausen se ouers – was saam op die Twaalf Apostels.)
- Annemie Coertzen -ook by die sportklimme teen Lakeside Pinnacle.

Bedankings:
Ongelukkig het die volgende lede bedank:
- Klaus en Magda von Pressentin (lid sedert 2001)
- Bethel Muller (sedert 1979)
- Jeanette de Klerk (sedert 2001)
- Maria Pauw (sedert 2001 familielid)

LEDEBYDRAES VIR DIE NUUSBRIEF

Bydraes vir die laaste omsendbrief van die huidige 2008 bestuur moet die Nuusbriefredakteur voor die volgende afsnydatum bereik. Die beoogde datum van publikasie verskyn in hakies.

No 254: 15 Aug (Begin September 2008)

Die nuusbriefredakteur verwelkom voorstelle, kritiek en bydraes vir die komende uitgawes. Onthou dit is julle nuusbrief ook, nuus oor lede vir lede. Dankie ook aan die leiers wat hul uitstappieverslae betyds indien.

Die bestuur wens lede wat moontlik winter vakansieplanne het of dalk oorsee reis, ’n veilige avontuur en ’n behoue tuiskoms. Nie vergeet om ons jou avonture te vertel. Lees verder hoe lekker Gerhard en Freda oor hulle minikamp by die Wolkberge by Tzaneen vertel. Behoort dit nie ’n inspirasie te wees vir baie van ons aspirant skrywers!

WEBWERF

Lede kan gerus die opgedateerde webwerf besoek en word versoek om asseblief hulle epos adresse deurgee vir die ledesekretaris. Daar word weeklikse eposse uitgestuur met inligting oor die komende naweek se uitstappies. Hou ook ‘n ogie op die webwerf vir nuttige skakels, onder andere na ‘n nuwe posbestellingsdiens wat buitelewetoerusting verskaf.

PERMITKOSTES

In die vorige Nuusbrief is lede aangemoedig om Cape Nature/ Sanparke se “Wildcard” aan te skaf.

Die begrote subsidie vir permit-onkostes vir die huidige finansiële jaar (Sept 2007 - Aug 2008) is uitgeput. Lede word dus gevra, om indien hulle nie ‘n Wild Card besit nie, self te betaal vir permitte benodig vir klub-uitstappies in Cape Nature en Wildernisgebiede. Hierdie is ‘n tydelike reëling wat sal geld tot die einde van die finansiële jaar. Die bestuur versoek lede om kommentaar te lewer op ‘n voorstel dat dit moontlik ‘n permanente reëling word. Daar is 'n groeiende aantal lede wat reeds self Wild Cards besit en die beleid word reeds deur onder meer die Kaapstad afdeling gevolg. Vir amptelike uitstappies, in Jonkershoek byvoorbeeld, sal die volgende geld:
"Bring Wild Card of betaal by die hek".

Wildcards bied ook aan lede gratis toegang vir privaat uitstappies na plekke soos Assegaaibos piekniekterrein in Jonkershoek en die Kaappunt Natuurreservaat.

BKSA JOERNALE

‘n Volledige stel Joernale is beskikbaar vir lede se gebruik en word tans by Hans Scheffler in sy kantoor op kampus (kamer 404, US Informasietegnologie) gehuisves. Sy epos adres is hans-stemail_by_jcscheffler.co.za.
Hy is meestal in sy kantoor, maar as lede wil seker maak dat hy beskikbaar is, kan hulle hom bel by 082 788 9515 om te reël om 'n joernaal uit te neem. Uitleentydperk is twee weke.

KLUB EIENDOMME EN TOEGANG

Lede word aangemoedig om van die BKSA se fantastiese berg eiendomme gebruik te maak vir privaat en klub uitstappies. Betrokkenheid by werksnaweke en bewaringsinisiatiewe word ook altyd waardeer. Lede word ook herinner om ten alle tye by die ooreengekomde toegangsprosedures te hou op privaat, klub en staatseiendom.

NOODHULP IN DIE BERGE

Dankie aan Teuns Kok wat die noodhulpkursus, aangebied deur Walther Meyer, vir ons lede gereël het. Dit het verskeie belangrike aspekte van noodhulp in die berge gedek. Hieronder volg ‘n bondige opsomming van sy praatjie. Meeste van die inligting is egter prakties van aard en dit sou moeilik wees om dit deur middel van die nuusbrief te probeer oordra. Dit kan egter nie oorbe-klemtoon word hoe belangrik dit is om ‘n basiese kennis van noodhulp te hê en om toepaslike toerusting en medikasie saam te neem op uitstappies nie. Lede word aangemoedig om self ‘n kursus te gaan doen. Lede kan vir Walther Meyer kontak by: 082 770 7876 of 021-511 4615. Hy bied gereëld uitstekende kursusse aan in noodhulp en wildernis redding. Of besoek die webwerf: www.wildmedix.com

Walther het begin deur te gesels oor noodhulptoerusting asook veilige evaluering van die scenario en pasiënt volgens die APVU metode. (“Alert, responds to verbal questions, responds to pain or unresponsive?”). Almal het geleentheid gekry om die korrekte tegniek vir kardio-pulmonale resusitasie (CPR) te oefen op ‘n pop. Medikasie en moontlike roetes van toediening is bespreek. Aandag is geskenk aan die baie werklike gevare van hipotermie, hipertermie, en mediese skok-toestande in die berge. Behandeling van bloeding en die byt van verskillende spesies slange is bespreek, asook redding en landingsprosedures vir helikopters. Walther het voorgestel dat die volgende basiese items ingepak word in die noodhulpsak: Verbande, kompresse, gaas, gaasdoeke, skeermiddel, medikasie teen diarree en naarheid (bv. Immodium, Valoid), pyn en anti-inflammatoriese middels (bv. Disprin, Panado en Voltaren - met inagneming van kontra–indikasies bv gee geen aspirien of anti-inflammatoriese middels indien maagsere teenwoordig is), Eno’s, Dettolflessie, Savlon salf, Antibiotiese salf soos Bactroban, sink-oksied pleisters. (Onthou ook asseblief: Lede met

spesiale mediese behoeftes bv. asma, diabetes of epilepsie moet ook asseblief seker maak dat hulle toepaslike medikasie saamdra op uitstappies en vooraf die leier inlig. – Red.)

DIE PIEK STEMPEL PROJEK

Die 10 Pieke projek is 'n inisiatief geloods deur ons afdeling om lede aan te moedig om weereens sommige van die "klassieke" bergspitse in die Suid-Wes Kaap te klim. Die plan is om met verloop van tyd ‘n unieke stempel op elk van die tien gekose spitse te plaas. Lede ontvang elk ‘n kaart waarop hulle die stempels kan versamel soos wat die pieke bestyg word. Daar is reeds BKSA stempels geplaas op Katedraal (1515m), die Tweelingpieke (1494m) en Rifberg (1517m) in Jonkershoek, asook Groot Drakensteinpiek (1491m), Simonsberg (1390m) en Mostertshoek Tweeling (2031m). Die ander pieke wat deel uitmaak van die eerste fase is: Du Toitspiek (1994m), Victoriapiek (1591m), Buffelshoekpiek (2059m), Sybasberg (1899m), Baileyspiek (1517m) en Matroosberg (2249m). Kontak die bestuurslid vir klimprogram by uitstappies by ste.mcsa.org.za indien u meer wil weet, of om aan die 10-pieke stempel projek deel te neem. U kan ook vir Teuns Kok kontak by 021-8838946 (na ure). Lede kan ook op die ledegeld hernuwingsvorm aandui indien hulle die stempelkaart wil ontvang.

SOSIALE AANDE

Heel binnekort op 18 Julie by die Verhoeven’s, KANA, Helderbergstraat 16, Stellenbosch, sal daar sop en brood wees. Teuns Kok sal vir ons ‘n verskeidenheid van foto’s wys: Kanotrips op die Oranje, Doring en die Palmietrivier, kloofing en abseil uitstappies en ’n DVD van sy trip op die Nyl. Sien die klimprogram vir besonderhede.

Ulli Deutschlander voorsitter van die Hottentots Holland afdeling gee ’n skyfievertoning van sy reis en verblyf op sub-Antarties *Marion Island*. Sien die klimprogram vir verdere besonderhede.

ALGEMENE BERGNUUS

Julie Kamp 2008: Ukhahlamba-Drakensberg

Die jaarlikse “July Camp” in die Drakensberge vind plaas van 5 tot 19 Julie 2008. Die basiskamp is vanjaar by die “Duart Castle” kampterrein (1640m) tussen die Loteni en Vergelegen natuurreservate. ‘n Verskeidenheid aktiwiteite word aangebied, onder andere bekende rotsklimme van verskillende graderings in die Giant’s Castle area. Daar sal ook “bouldering”, daguitstappies en langer uitstappies met sub-kampe in die omliggende area plaasvind. Lede kan die hoë eskarpement of die voetheuwels (“Little Berg”) gaan verken en uitsien na uitsigte, woude, waterstrome en watervalle, rotsformasies asook geleenthede vir voëls kyk en fotografie. Kapenaars kan gerus onthou van hierdie heerlike kamp wat jaarliks aangebied word en ‘n wonderlike geleentheid is om die Drakensberg saam met die “locals” beter te leer ken. Aansoeke sluit gewoonlik vroeg in Junie.

Internasionale rotsklim

Lede moet asseblief kennis neem dat enige iemand wat beplan om deel te neem aan ‘n kompetisie van die Internasionale Federasie vir Sportklim (IFSC), deur die BKSA aansoek moet doen om ‘n lisensie. Kontak asseblief vir Gerhardt van Wyngaart (secretary _by_mcsa.org.za) vir meer inligting. (Marius Smigelkis van die Kaapstad Afdeling het onlangs deelgeneem aan ‘n IFSC geleentheid in Reunion.)

40 Pieke Uitdaging:

40PEAKS CHALLENGE: Cheryl Vermeulen (40), a cystic fibrosis (CF) sufferer, is planning a public awareness campaign to raise awareness regarding living with a severe chronic illness. She wants to compile a list of 40 'walkable' mountain peaks in South Africa that meets with the following criteria: It must be possible to walk up to the peak (some scrambling is acceptable); preferably walking to the peak and returning to a vehicle should be possible in 12 hours; dogs must be permitted (3 service dogs will be travelling with, of which 2 are used as part of the team walking up a peak). Peaks have

to be from the areas of Greater Cape Town, Cederberg, George, Port Elizabeth, Durban, Drakensberg, Mpumalanga, Gauteng and Bloemfontein.
Cheryl plans to walk these peaks commencing August/ September 2008 and ending March/April 2009. A preliminary list of peaks is available: contact Cheryl (seamo_by_telkomsa.net) or Willem Vermeulen (082 566 3189) ASAP. Their D-date was 8 May, but late input will also be welcome.

Correne Coetzer oppad na Groenland

Die Stellenbosser Correne Coetzer is alweer oppad na 'n ysige avontuur – hierdie keer pak sy 'n kus tot kus ski poging in Groenland aan:

"On 16 April I'm off to Greenland to attempt a full east-west coast-to-coast ski crossing. This route is the classic crossing which basically follows the Arctic Circle. Greenland is the second largest icecap in the world (after Antarctica). A Greenland crossing, with the South Pole and North Pole, forms part of the 3 large polar expeditions. I am part of an international team of 8 men and women. The distance is 550 km with an altitude gain of 2500 m. We take food for 32 days and the sleds will weigh between 80 and 100 kg (nearly double my body weight - heavy pulling for me!) This will be my fifth polar expedition and although it will be 'the same', it will also be different from the others. At places the terrain will be more challenging and more dangerous, because we take (heavy) crevasse rescue equipment and crampons with. The distance is half the distance that I have done from Hercules Inlet to the South Pole, but I don't underestimate it for one moment."

Verslegtende weersomstandighede het die ekspedisie kort geknip. Op 19 Mei is Correne per helikopter terug op Kulusuk. Lees verder op haar website: www.correne.co.za

Andy de Klerk kry toekenning

Die BKSA se hoogste toekenning, "The Gold Badge of the MCSA", is onlangs aan bekende rots-klimmer Andy de Klerk oorhandig by die Jaarlikse Dinee in Pretoria. Behalwe vir sy indrukwekkende klimrekord, is dit veral sy groot bydrae tot rotsklimaktiwiteite in Suid Afrika wat erken word. Hy het gehelp om 'n groot aantal nuwe plaaslike rotsroetes te open, asook om op internasionale vlak grense te verskuif en bande te bou. Boonop is hy 'n puik skrywer – lees gerus sy deels outobiografiese, deels filosofiese boek "Sharper Edges", wat 'n finalis was by die 2007 Banff Bergklim Boekefees.

Wolkberge: Minikamp verslag

Gerhard en Freda van Wyngaardt het die onlangse Minikamp in die Wolkberge bygewoon en vriendelik vir ons die volgende verslag geskryf: (Effens verkort-red.)

"Met name soos Wolkberge, wildernis, en Wonderwoud was ons sommer baie opgewonde oor die area waar die minikamp sou plaasvind. Ons het 'n oomblik van opwinding beleef toe die Regering besluit het om nog 'n publieke vakansiedag te verklaar en sodoende die einde van April effektief in 'n nege dae lange vakansie te omskep! Natuurlik met ouers in Pretoria waar ons kon oorslaap en 'n kar leen was heelwat van die potensiele logistieke komplikasies vir ons nie 'n groot struikelbolk nie.

Na die eentonige bosveld N1 (vir 'n Kapenaar altans wat van reliëf hou!) het die berge en kronkelpaaie anderkant die ZCC oppad Tzaneen se kant toe gou-gou die bergklim hart vinniger laat klop. Die laaste 10km na die eerste aand se kampplek by die spook bosboustasie Serala was oor 'n afgryslike grondpad; dit het ons 'n volle uur geneem om af te lê en ons moes eerder skoonpa se aanbod van die 4x4 aanvaar het eerder as om met 'n sedanmotor te ry om petrol te probeer spaar. Die eerste aand was 'n braai met heerlikste slaai vir hierdie vegetarieër. Na maklik die koudste nag van die kamp het ons die volgende oggend opgestap na die Johannesburg Afdeling se Wolkberghut (so twee ure); terwyl ons bagasie met voertuie tot bo vervoer is. Die hut is geleë in grasveld aan die voet van die Seralapiek en die vier/vyf susters, knap langs 'n stroompie met fraai poele. Almal het rondom die hut gekamp en sodoende die hut beskikbaar gehou vir aandaktiwiteite soos kook en kuier. Dieselfde middag het 'n klomp van ons 'n kort uitstappie onderneem na die eskarp vir 'n waterval tesame met veruitsigte na Tzaneen se kant toe. Baie kindervriendelik, hoewel die kinders nie te vriendelik was met die arme paddavissies wat eers gevang moes word nie.

Die volgende dag was daar 'n aantal uitstappies wat almal Seralapiek (die hoogste in die omgewing) ingesluit het, maar ek en Freda het besluit om eerder te gaan verken waar ons teen "Kruger se neus"

sou opklim op 'n oornagstap 'n paar dae later. Ons het die groot waterval gesien wat tussen die twee horings afval, met uitgestrekte inheemse woude doer onder, voorwaar indrukwekkend; en boonop die middag Serala geklim oppad terug kamp toe. Dit het ook geblyk dat die neus nie te erg sou wees met 'n groot rugsak nie. Die volgende dag breek toe aan met digte mis en kelder ons planne om op die oornagstap te vertrek. Net om hier teen elfuur mooi oop te trek! Die "locals" het gesê dit sal, maar ek wou hulle mos nie glo nie. Toe dit die volgende dag weer gebeur het ons ons nie weer laat vang nie en ses van ons is onder my leiding (wat nog nooit eens daar gestap het nie!) af na die spookbosboustasie om dan op te stap in die Malapitsi rivier en dan in die sykloof op te stap in die Wonderwoud. Laat staan maar om te sê dat met 5 vreemdes en een wat jarre terug laas daar was het ons goed met die riviervlakte se doringplante kennis gemaak. Die rivierkruisings was ook nie sonder voorval nie en teen laatmiddag was daar heelpaar sopnat skoene. Teen laatmiddag moes ons kampplek kies nog nie behoorlik in die wonderwoud nie, maar op 'n plat plek. Die volgende dag is ons toe op in die Wonderwoud wat nie teleur gestel het nie met reuse bome, kaapse papegaaie, samango apies en clivias. In die namiddag is ons toe op teen "Kruger se neus" terwyl die donderweer begin te rammel. Net toe ons op die hoogste punt kom besluit die weer ook om sy hoogtepunt te bereik met blitse en haelkorrels soos albasters; fantasties om so iets aan jou lyf te kan ervaar. Lekker nat het ons net voor donker by die hut aangekom en was dit nie lekker om dan 'n hut te hê om in uit te span nie.

Die Wolkberg het egter in sy tipiese wolkweer vasgehaak die res van die week en met genoeg van natkry het ek en Freda eerder boek gelees en lekker ontspan, hoewel heelwat groepe nog gaan stap het. Saterdag het heelparty van ons wat vlugte moes haal opgepak en afgestap en in groot reënstorms teruggery Pretoria toe. In die tyd in die berge het ons lugredery natuurlik besluit om op te hou sake doen, maar gelukkig het skoonpa ons basse gered en vir ons ten duurste op 'n ander lugdiens kaartjies gekry terug Kaap toe. Die Wolkberg minikamp was baie gasvry en informeel aangebied deur Johannesburg Afdeling en het ons 'n voorsmakie gegee van daardie deel van die land se berge. Nou weet ons darem waar die wonderwoud is, maar lang dwarsstappe tot sover as Gibraltar en Sekororo, en bergreekse soos Blouberg en die Waterberge roep nou. Ek en Freda is net weer getref deur hoeveel wonderlike bergklim geleenthede daar eintlik hier in ons eie land is, en dan foeter mens altyd oorsee! Waarvoor tog?

KLIMPROGRAM: JULIE TOT SEPTEMBER 2008

ALLE DEELNEMERS:

- Deelname aan alle uitstappies geskied **op eie risiko**.
- Bel asseblief die leier voor elke uitstappie om plek te bespreek.
- Sluitingsdatum gewoonlik een week voor datum.
- Die tye op die program aangedui is vertrektye, kom abs. 10 minute vroeër.
- Indien jy twyfel oor die moeilikheidsgraad van die uitstappies, bel die leier vir meer inligting.
- Nie-lede betaal R20 vir deelname per uitstappie plus die volle permitfooi.
- Persone wat kanselleer na die sluitingsdatum sal vir permit koste aanspreeklik gehou word.
- Die byeenkom plek vir uitstappies is voor die US Elektroniese Ingenieursgebou ingang (parkeerterrein oos van die Ingenieursgeboue uit Banhoekweg), tensy anders vermeld.
- In geval van slegte weersomstandighede kan die leier besluit om ’n uitstappie te kanselleer.
- Lede met **Wildcards:** laat weet asb leier vooraf en bring saam op die uitstappies.

LEIERS:

Stuur asb ’n verslag aan die bestuurslede vir klimprogram, omsendbrief en aan die sekretaris (e-pos adresse op die agterblad van die nuusbrief) en ’n harde kopie aan BKSA, Posbus 152, Stellenbosch, 7599.

NAWEEK 28-29 JUNIE: KOUE BOKKEVELD SNEEUKOP

Groot en hoë berg met ver uitsigte. Kamp naby die baken (bo 2000m). Bring tente en warm wintertoerusting. Bel leier.
Leier: Teuns Kok, 021-883 8946h of teuns.kok_by_capetown.gov.za
Vertrek: 8h00 vanaf die Elektroniese Ingenieursgebou.
Bydrae vir brandstof: R100

SONDAG 6 JULIE: LEDGE’S, TAFELBERG

Vanaf Rhodes Gedenkteken met Nuwelandkloof en die Ledge’s roete tot bo. Ledge’s is ’n klassieke *scramble* roete en blootgestel op plekke. Bel leier (bel asb na-ure).

Leier: Hans Scheffler, 082 788 9515
Vertrek: 7h00 vanaf die Elektroniese Ingenieursgebou.
Bydrae vir brandstof: R45

NAWEEK 11-13 JULIE: THOMASHUT, HEXRIVIERBERGE
Halfspoed. Kinders welkom. 'n Lekker lang naweek vir oulaas voordat die skole weer begin. Ons hoop daar is baie sneeu! Bring warm klere. Bel leier.
Leier: Lydia Cilliers, 021-876 4461h
Vertrek: 9h00 by Brandwag afdraai vanaf N1 by Worcester.
Bydrae vir brandstof: R80

VRYDAG 18 JULIE: SOSIALE AAND MET SKYFIES
Teuns wys vir ons foto's van kano trips op die Oranje, Doring, Palmiet riviere, kloofing uitstappies en 'n DVD oor die Nyl. Plek: ten huise van die Verhoevens, KANA, Helderbergstraat 16, tel: 021-887 4113. Tyd: vanaf 18h30. Bring beker saam vir sop en 'n kussing om op te sit.

SATERDAG 19 JULIE: HAELKOPSKEURE, JONKERSHOEK
Verken die Haelkopskeure. Interessante skeure en gange. Bring flits/ koplamp.
Leier: Teuns Kok, 021-883 8946h of teuns.kok_by_capetown.gov.za
Toegang: Wildcard of R25
Vertrek: 7h30 vanaf Jonkershoek.
Bydrae vir brandstof: R20

DONDERDAG 24 JULIE: SWARTBOSKAM, JONKERSHOEK
Die Kaapstad afdeling nooi Stellenbosch lede saam op hierdie interessante ou klouterroete tot by Pic Sans Nom en terug via Swartboskloof. Bel konvenor vir reëlings.
Konvenor: Tony Heher, 021-794 5730h of Tony.Heher_by_gmail.com
Toegang: Wildcard of R25

SATERDAG 26 JULIE: KLOOFNEK NA SLANGOLIE GROT, TAFELBERG
Gesamentlik met Kaapstad Afdeling. Bel konvenor vir reëlings.
Konvenor: Suzanne Wilson-Smith, 021-782 2545h of 083 303 3417
Ko-konvenor: Karen Watkins, 076 543 7266

NAWEEK 2-3 AUGUSTUS: WERKSNAWEEK, ZEEBASBOSCH
Stb Afdeling eiendom. Kamp naby motors. Werk: kampplek, paadjie en hakea. Bel leier.
Leier: Gerhard van Wyngaard, 021-685 5428h
Vertrek: 7h00 vanaf die Elektroniese Ingenieursgebou.
Bydrae vir brandstof: Bestuurders sal vergoed word.

SATERDAG 9 AUGUSTUS: PERDEKOP, FRANSCHHOEK
Lang dag teen halfspoed. Kinders welkom. Ons stap totdat ons baie sneeu kry om in te speel, of tot bo. Mooi uitsigte (as die weer dit toelaat).
Leier: Lydia Cilliers, 021-876 4461h
Toegang: Bel leier voor Vrydag 8 Augustus vir permitreëlings.
Vertrek: 8h30 vanaf Mont Rochelle se hek bo-op Franschhoekpas.
Bydrae vir brandstof: R45

SATERDAG 16 AUGUSTUS: VICTORIAPIEK, JONKERSHOEK
Bou jou sneeuman! Bring wintertoerusting. Lang dag. Fiksheid vereiste.
Leier: Peter-Jan Randewijk, 021-883 8592h of pjrandew_by_sun.ac.za
Toegang: Wildcard of R25
Vertrek: 7h00 vanaf Jonkershoek.
Bydrae vir brandstof: R30

SONDAG 24 AUGUSTUS: TRADISIONELE ROTSKLIM, ELSIEPIEK
Suspension face (E2). Bring eie toerusting indien jy het. Getalle beperk. Bel leier voor die tyd.
Leier: Paul Verhoeven, 021-887 4113h of pfmv_by_sun.ac.za
Vertrek: 7h30 vanaf die Elektroniese Ingenieursgebou.

Bydrae vir brandstof: R45

DONDERDAG 28 AUGUSTUS: LANDROSKAM, HOTTENTOTS-HOLLAND
Die Kaapstad afdeling nooi Stellenbosch lede saam op hierdie nuwe klouterroete vanaf Nuweberg tot Landoskoppad. Die kam bied uitsigte op Victoriapiek, Somerset Sneeukop en die drieling tot Maanskynkop by Hermanus. Bel konvenor vir reëlings.
Konvenor: Tony Heher, 021-794 5730h of Tony.Heher_by_gmail.com

VRYDAG 29 AUGUSTUS: SOSIALE AAND MET SKYFIES
Ulli Deutschlander wys vir ons sy skyfies oor sy verblyf op Marion Eiland, van Albatrosse tot koningspikkewyne, van landskappe gevorm deur vulkane en verweer deur water en wind.
Plek: ten huise van die Verhoevens, KANA, Helderbergstraat 16, tel: 021-887 4113.
Tyd: vanaf 19h00.

SATERDAG 30 AUGUSTUS: SIMONSBERG
Interessante klim met mooi uitsigte. Bel leier.
Leier: Louw Engelbrecht, 082 781 0783
Vertrek: 7h30 vanaf die Elektroniese Ingenieursgebou.
Bydrae vir brandstof: R35

NAWEEK 6-7 SEPTEMBER: NUWEBERG DWARSKLIM
Vanaf Nuweberg. Lente bergtoer met mooi fynbos en uitsigte. Klim Dwarsberg, die *Triplets* en Somerset-Sneeukop. Slaap in Hauptfleish se grot. Bel leier.
Leier: Teuns Kok, 021-883 8946h of teuns.kok_by_capetown.gov.za
Toegang: Bel leier voor Vrydag 29 Augustus vir permitreëlings.
Vertrek: 7h00 vanaf die Elektroniese Ingenieursgebou.
Bydrae vir brandstof: R50

DONDERDAG 11 SEPTEMBER: STEENBRASRIF
Die Kaapstad afdeling nooi Stellenbosch lede saam op hierdie nuwe klouterroete (B standaard) bo die Steenbraskloof naby Gordonsbaai. Bel konvenor vir reëlings.
Toegang: Wildcard of betaal
Konvenor: Tony Heher, 021-794 5730h of Tony.Heher_by_gmail.com

SATERDAG 13 SEPTEMBER: HAELHOEK SNEEUKOP
Laaste keer het reën verhoed dat hierdie uitstappie kon plaasvind.
Stap vanaf Midaskloof in die Du Toitskloofpas. Bel leier.
Leier: Brian Brock, 021-797 1901h of 084 702 1365
Vertrek: 7h00 vanaf die Elektroniese Ingenieursgebou.
Bydrae vir brandstof: R40

SATERDAG 20 SEPTEMBER: PIEKE, JONKERSHOEK
Suidfront roete, C klim en blootgestel. Geen hoogtevrees. Fiksheid vereiste. Bel leier.
Leier: Wim Morris, 082 321 8774 of wimmor_by_gmail.com
Toegang: Wildcard of R25
Vertrek: 7h00 vanaf Jonkershoek.
Bydrae vir brandstof: R20

NAWEEK 27-28 SEPTEMBER: TOORKLOOF NA SYBASBERG
Klim Toorkloof en oornag op die nek (water word laaste uur gedra). Sondag dwarsklim oor klipplate en “B” klim tot op Sybasberg. Gaan af oor UCT se eiendom. Bel leier.
Leier: Gerhard van Wyngaard, 021-685 5428h
Vertrek: 7h00 vanaf die Elektroniese Ingenieursgebou.
Bydrae vir brandstof: R60

UITSTAPPIEVERSLAE

Wolwekloof, 15 Maart 2008

Die suidooster het ons ‘n koue streep getrek en meeste se swemlus gedemp. Sommiges het nog meer gebewe toe ‘n tou en harnas uitgedeel is vir die (opsionele) klim verby die laaste waterval. Na middagete het Theuns, Phil en Ingrid verder geklim terwyl ons ander een vir een deur die koue afgejaag is. Toe die Cilliers tien voor vyf by die parkeerplek kom, was al die ander reeds weg, waarvan net die Steenkamps vooraf verskoon is. Nogtans ‘n heerlike stap.

Lydia Cilliers

Pieke, 15 Maart 2008

‘n Groot groep, ongeveer twintig mense van verskillende ouderdomme, klim die Pieke. Ons volg die roete met Langrivier op en Nerinakloof af. Daar is bekendes en gaste – en die groep stap goed en kuier lekker! Middagete is bo en ons geniet die uitsig vanaf die Pieke met hul unieke bekoring. Terug onder kyk ons weer na die Pieke en weet – “ons was daarbo en dit was goed!”

Teuns Kok

Fietstoer, Stellenbosch na Bainskloof, 5-6 April 2008

Die belangstelling was aanvanklik min en net drie persone het vanuit Stellenbosch die pad na Bainskloof aangedurf. Oorspronklik was die plan om via die Agter-Paarl pad (R44) na Wellington te fiets. Christel Jost sou by ons aansluit maar toe sy nie meer kon saamkom nie maak Retief die voorstel om via Helshoogte en die Wemmershoekpad om te ry. Die roete tot op Steenboksberg se bergklub eiendom is 91 km teenoor 72 km via die Agter-Paarl pad. Wat ‘n belewenis om Bainskloof per fiets te kan ‘ervaar’. Gelukkig was die drie fietsryers nog ‘Argus-fiks’. Elsbeth het die rugsakke per motor aangery en die geselskap het by die motor parkering op Steenboksberg eers middagete genuttig voor ons begin stap het. By die kampeerplek het ons dan die Cilliers familie ontmoet, hulle het reeds die dag tevore (per motor) aangekom. Sondagoggend vroeg het dit begin reën wat veroorsaak het dat ons sopnat moes oppak en uitstap. Die fietsryers was toe nie lus om sopnat Stellenbosch terug te fiets nie. Die gerief van die ou BMW wat met gemak vier van ons plus drie fietse kon vervoer was ‘n veel beter vooruitsig.

Paul Verhoeven

Twaalf Apostels, 12 April 2008

Effe stormagtige herfsweer het ons aanvanklik laat twyfel of dit ‘n dag vir die berge sal wees. Nogtans is die uitstappie goed bygewoon met agt lede, drie aansoekers en ses gaste wat aan die voet van Tafelberg ontmoet het. Na ’n aanvanklike geskarrel om motors om te ry na die eindpunt, het ons by die parkeerplek in Theresa-laan, Kampsbaai, begin stap. Ons het opgestap met Kasteelpoort, met ‘n tierende suidoostewind wat die Tafel se kleed oor die westehang in ons gesigte gewaai het. Bo is die meestal mistige atmosfeer darem nou en dan afgewissel met asemrowende uitsigte oor die Atlantiese oseaan. ’n Hoogtepunt was die klim na Grootkop, met fantastiese ou koningsprotea bosse en bome begroei met oumansbaarde – het mens laat dink aan iets uit Tolkien se wêreld. Middagete is by Judaspiek geniet, waarna ons met Llandudno Ravine afgestap en by Suikerbossie ge-eindig het. Die van ons wat nie haastig oppad terug was na Stellenbosch se musiekkonserte nie, het afgesluit met ’n laaste kuier en koeldrankie in Houtbaai. Voorwaar ’n suksesvolle uitstappie op ‘n minder bekende deel van Tafelberg.

Jeanette Holtzhausen

Landroskloof, 19 April 2008

Uitgereën.

Teuns Kok

Krakadouw, Naweek 1-4 Mei 2008

Ses lede, vier kinders en twee gaste het die uitstappie meegemaak. 'n Misverstand het die groep van die begin af in twee gedeel, met die Uyse wat net dagstappe gedoen het. Die res van ons het Donderdagmiddag tot by Moedersielshoek gestap en was bly om 'n paar poeletjies water daar te kry. Die berg was seker op sy droogste. Donderdag is ons rustig op tot by die grotjie, met 'n welkome besoek van die Uyse langs die pad. Die sterk wind wat van die begin af gewaai het, wou egter nie gaan lê nie. Saterdag het ons opgeklim na die baken, waar die reën ons oorval het. Ons is af in Langstraat waar die water reeds goed gestroom het en die watervalle en die reën ons goed deurnat het. Dit was nogal 'n belewenis om "kloofing" te doen bo-op 'n berg in winterstoestande. Gelukkig het ons droë slaapsakke en klere by die grotjie gewag, en het die wind darem intussen gaan lê. Die res van die dag het ons probeer keer dat ons droë goed ook nat word. Die afgaan Sondag was nog nat en moes ons maar nog versigtig wees op die nat klippe. Ons het laat eers by die huis gekom, moeg maar gelukkig. Dit was 'n voorreg om die oorgang van die droogste seisoen na die nat winter te kan beleef!

Lydia Cilliers

Noodhulpopleiding, 10 Mei 2008

Walther Meyer het 'n suksesvolle noodhulpkurses aangebied, wat ongelukkig deur net vier lede en twee gaste bygewoon is. Sien asseblief hofie onder Noodhulp elders in nuusbrief vir meer inligting.

Teuns Kok

Pic-Sans-Nom, 11 Mei 2008

Uitgereën.

Teuns Kok

Zeebaschbosch Werksnaweek, 17-18 Mei 2008

Die afgelope werksnaweek was seker die mees suksesvolle tot datum as ons getalle in ag neem. Nie net was daar vier deelnemers nie, maar ook konserwatief geskat het 7500 hakea saailinge in die slag gebly. As jy soos Wessel 'n hakea saad in jou sak sit vir elke 100 wat jy uittrek is dit maklik om tred te hou met jou vordering. Maar as jy soos ander deelnemers (wat eerder anoniem sal bly) sukkel om tot 'n 100 te tel, weet jy nie so lekker nie. Daar is egter 'n hoë waarskynlikheid dat die telgestremdes ook 'n bydrae in dieselfde ordegroote gemaak het as die wat wel akkuraat tel. Gerhard het ook goed gevorder met die volwasse denne teen die kranse. Tog, as jy van die oorkant van die Breederiviervallei kyk kan jy al 'n verskil sien, as jy weet waar om te kyk! Ter afsluiting, om te probeer verduidelik aan die wat nie kan verstaan wat besiel 'n persoon om hierdie tipe bergklimaktiwiteit aan te pak en boonop nog te geniet nie, die volgende twee aanhalings : "Do what you can, with what you have, where you are" (Theodore Roosevelt) en "Faith is like a raindrop that knows only a stream, but dreams of an ocean" (onbekend). En so hou ons aan om te doen wat ons kan terwyl ons droom van 'n indringervry Zeebasbosch. Ander dromer doeners is welkom om by ons aan te sluit volgende keer!

Gerhard van Wyngaardt

Rotsklim, Lakeside Pinnacle, 25 Mei 2008

Sunday 25 May turned out to be a beautiful sunny day after weeks of rain in the Cape. The rock was dry and the enthusiasm plenty. A surprisingly large group of around 18 climbers met at Lakeside Pinnacle for a great day's climbing. John-Paul Harper (special guest invited by an injured James Krohn) and Kobus Botha made quick work of putting ropes on all the better climbs on the crag, and everyone got stuck in straightaway. By mid-day, each one had done three climbs or more and most of the routes on the crag were bagged repeatedly. Jeanne stunned by flashing an 18, a 19 and two 16s in great style, setting the tone for the day. Nie te sleg vir iemand van 62 nie! John-Paul and Michael made light of a 21+ project by repeating it several times. Gauging by both the interest and the scale of enjoyment and camaraderie, it is highly recommended that the club consider doing similar outings more frequently.

James Krohn

Stellenboschberg, 31 Mei 2008

Toe agt van ons Saterdagoggend deur Paradyskloof se denneplantasie stap was die wêreld nog goed nat na die week se reën. Stellenboschberg was oop, maar die wolke op Helderberg het aangedui dat daar steeds 'n kans was dat ons sou nat reën. Met die koel weer vorder ons fluks. Amper bo val daar genoeg druppels dat die reënjasse uitgehaal word, maar op die nek drink ons tee in die son terwyl die miswolke om die Pieke dwarrel. Die rotse by die hoogste baken was besonder glad in die nattigheid, maar almal wou daar kom; sommige op hul sokkies toe die skoene nie wou vas trap nie! Die son het hard probeer, maar kon nie deur die wolke breek nie. Na middagete is almal koud en is die konsensus dat kortste pad af die aangewese roete is. Ons volg dus ons voetspore terug soos ons gekom het, eerder as die minder steil langer pad aan Coetzenburg se kant. Natuurlik trek die weer oop en is dit heel warm voordat ons ver af is. Na 'n lekker dag in die berge in ons "voortuin", is ons vroeg middag weer tuis.

Hans Scheffler

Simonsberg, 7 Junie 2008
Uitgereën.

Louw Engelbrecht

FYNSKRIF

(Lees asseblief die fynskrif voor deelname aan enige van ons uitstappies. Ons bestuurslid vir klimprogram sou graag wou hê almal moet dit teken, maar genadiglik het die bestuur die voorstel afgekeur tydens 'n vorige vergadering op 1 April -Red ☺. Hoop julle vind dit vermaaklik…)

Nature is unpredictable and unsafe. Mountains are dangerous. Many books have been written about these dangers, and there's no way we can list them all here. Read the books. The areas frequented by the Mountain Club are covered in steep terrain with loose, slippery and unstable footing. Sheer drops are everywhere. You may fall, be injured or die. There are wild animals, which may be vicious, poisonous or carriers of dread diseases. We don't do anything to protect you from any of this. We do not inspect, supervise or maintain the grounds, rocks, cliffs or other features, natural or otherwise.

Real dangers are present, even on trails. Trails are not sidewalks. They can be, and are, steep, slippery and dangerous. Trail features made or enhanced by humans, such as steps, walls and railings (if any) can break, collapse, or otherwise fail catastrophically at any time. We don't promise to inspect, supervise or maintain them in any way. They are unsafe, period. Live with it or stay away. Stay on the trails whenever possible. The terrain, in addition to being dangerous, is surprisingly complex. You may get lost. Carry food, water and first aid supplies at all times. Maps may be inaccurate, outdated or downright misleading. Use with caution.

Rocks of all sizes, including huge boulders, can shift, move or fall with no warning. This can happen naturally, or be caused by people above you, such as climbers. Use of helmets is advised for anyone approaching the rock formations. They can be purchased at your local outdoor goods shop. They won't save you if you get hit by something big or on another part of your body. A whole rock formation might collapse on you and squash you like a bug. Don't think it can't happen.

Weather can be dangerous, regardless of the forecast. Be prepared with extra clothing, including rain gear. Hypothermia, heat stroke, lightning, ice and snow, etc. can kill you. Rain can turn easy terrain into a death-trap. If you scramble in high places without proper experience, training and equipment, or allow children to do so, you are making a terrible mistake. Even if you know what you're doing, lots of things can go wrong and you may be injured or die. It happens all the time.

The Mountain Club does not provide rangers or security personnel. The other people in the mountains or wilderness areas, including other visitors, our club members, agents, and guests, and anyone else who might sneak in, may be stupid, reckless, or otherwise dangerous. They may be mentally ill, criminally insane, drunk, using illegal drugs and/or armed with deadly weapons and ready to use them. We aren't necessarily going to do anything about it. We refuse to take responsibility.

Rescue services are not necessarily provided by the Mountain Club, and may not be available quickly or at all. Local rescue squads may not be equipped for or trained in mountain rescue. If you are lucky enough to have somebody try to rescue you or treat your injuries, they may be incompetent or worse. This includes doctors and hospitals. We assume no responsibility. Also, if you decide to participate in a rescue of some other unfortunate, that's your choice. Don't do it unless you are willing to assume all risks. By entering the mountains or wilderness areas, you are agreeing that we owe you no duty of care or any other duty. We

promise you nothing. Sorry, we're not responsible. We may give you bad advice. Don't listen to us. In short, ENTER AND USE THE MOUNTAINS AND WILDERNESS AREAS AT YOUR OWN RISK.
And have fun!

DIE BESTUUR VIR 2007/2008

Voorsitter	Paul Verhoeven	021 887 4113 (h)	voorsitter by ste.mcsa.org.za
Onder-voorsitter & Bemarking	Riaan Doorduin	083 289 3942	riaan.doorduin by gmail.com
Lede sekretaris & Tesourier	Pieter Diener	021 887 2265 (h)	lidmaatskap by ste.mcsa.org.za
Sekretaris	Louw Engelbrecht	082 781 0783	sekretaris by ste.mcsa.org.za
Nuusbrief redakteur	Jeanette Holtzhausen	021 715 2408 (h)	nuus by ste.mcsa.org.za
Klimprogram	Teuns Kok	021 883 8946 (h)	uitstappies by ste.mcsa.org.za
Toerusting	Paul Verhoeven	021 887 4113 (h)	toerusting by ste.mcsa.org.za
Kommunikasie	Peter-Jan Randewijk	021 883 8592 (h)	webwerf by ste.mcsa.org.za

Lede met spesifieke opdragte:

Eiendom	Gerhard van Wyngaardt	083 233 4927	Gerhard by hho.co.za
Klub sleutels	Mientie Holtzhausen	021 887 1651 (h)	Oranjelaan 7, Uniepark
Webwerf	Alida Joubert-Louw	021 808 2731 (h)	alida by jeanne.co.za

Die bestuur is ook per faks bereikbaar. Ons sal jou faks boodskap per e-pos ontvang. Die faksnommer is 086 628 5477.
Let wel: Indien jy die bestuurslede per e-pos wil kontak, vervang dan die "by" met "@" in die adresse hierbo. Dit geld vir alle e-pos adresse in die nuusbrief vermeld.

NUTTIGE KONTAKNOMMERS

BKSA Kaapstad Afdeling Kantoor:	021-465 3412
WKNBR Jonkershoek Kantoor:	021-866 1560
Jonkershoek Reservaat bestuurder	Patrick Shone 082 467 0405
Bergredding: Metro/WSAR	10177 of 021-948 9900
Nasionale sellulêre foon noodnommer	112

Cape Nature: http://www.capenature.org.za/Bookings/html/bookings.html
Indien probleme ondervind word met die webwerf gebruik die telefoonnommer vir plekbesprekings 021-6593500 of stuur epos: bookings by capenature.co.za.
Vir mense wat probleme ondervind om 'n bespreking by CapeNature te maak, kontak direk vir Donna Laloux (Call Centre Manager) vir vinnige flink diens. Donna is ook nie skaam om jou in Afrikaans te help nie.
Haar kontak besonderhede is: dlaloux by capenature.co.za; 021 6593411 of 086 528 9681

Uit: Vier gebede by jaargetye in die Boland

Mei-Julie 1937

IV. Eerste sneeu

Die blydskap het oornag soos nuwe sneeu
die laagste hellings van my vroeë smart
tot skoonheid omgeskep waar elke skreeu
soos ’n sweep in die blink lig van die klowe hard
en helder klink. Die ronde aarde staan
wit oopgekelk en suiwer soos ’n blom-
een glinstering waar die nuwe waters gaan,
verwagtingloos, want alles het gekom.
O hart, sal vreugde hoër gaan, en jy
nie sterf? Daar kom in my ’n stil vermoede
dat alle lewe só sy volheid kry
en heerlik gaan in die rustige dood se hoede,
dat jy sal spoel en breek en uitgestort
in hierdie wit golf van vreugde word.

N.P. van Wyk Louw

Klipkinners innie Biedouw

Deur die Sederberge
Ezelbank en Wupperdal oor,
Trap ons innie bos
lê ons spoor.
Oor kop en gat
Reën ons op Krakedouw
Water-sop-nat.
Maar wat,
dis niks,
die Sondag is ons fiks
om God te loof
in die wonderskone Biedouw-kloof.
Ons kan oopbek
verwonder
aan die moosite blomme
daar onder,
wat die aarde bedek het
“toe God se saaisak
hier gelek het”.
Trek dié vrolike
skoonheid
diep in en bêre
vir laterse droë droewe
droomtyd…

Carl van der Merwe

Nuusbrief versorg deur Jeanette Holtzhausen
einde van nuusbrief No 253